

SAMEVATTINGI. OPSOMMING VAN DIE INHOUD VAN DIE ONDERSOEKA. BEGRIPSBEPALING EN UITEENSETTING VAN DIE ONDERSOEK

In die Christelike skool is die onderwyser plaasvervangende ouer van die kind gedurende skoolure. Hy is saam met die natuurlike ouer medeverantwoordelik voor God vir die sieleheil van elke kind, hoewel die ouer nooit van sy doopbelofte kan ontkom nie.

Plaasvervangende ouerskap het 'n nuwe beslag met die instelling van voogonderwys in Transvaalse skole in 1963 gekry. Voogonderwys is ingestel as belangrikste onderdeel om gedifferensieerde opvoeding en onderwys suksesvol te laat verloop. Dit veronderstel wetenskaplike geïndividualiseerde opvoeding en onderwys waar elke kind as mens met besondere behoeftes, talente en gawes waargeneem word.

In 'n veranderende wêreld met sy talryke slaggate, wanvoorstellings, dubbele standaarde en Godloosheid soek nie net die kind nie, maar ook die ouer na vaste waardes en norme. Materiële voorspoed het baie mense skynbaar in egoïsme en gemaksgug laat verval. Opvoedingsverantwoordelikhede word gemaklik op ander afgeskuif, terwyl prestasies ten koste van ewewigtigheid skynbaar hoofsaak geword het.

In hierdie omstandighede het voogonderwys nog groter betekenis gekry. In die laerskool waar die kind sy primêre opvoeding en onderwys ontvang, is dit noodsaaklik dat elke kind in sy totaliteit geken moet word sodat sy moontlikhede en beperkings vroegtydig geïdentifiseer en aandag daaraan verleen kan word. Maar voogonderwys vereis ook sinvolle en wetenskaplike same-

sprekings met die natuurlike ouers sodat ouers enersyds voorgelig en ingelig kan word omtrent hulle kind, maar andersyds veral ook om aan baie ouers koers en rigting aan te dui.

Die doel van die ondersoek is om die waarde en plek van voogonderwys in die Afrikaanse laerskool in Transvaal te bepaal, om daarbenewens ook te probeer vasstel of die voogstelsel in die Christelike skool as hulpmiddel in volksopvoeding of volksverheffing aangewend kan word en dan na aanleiding van bevindings riglyne neer te lê.

In die ondersoek is van die historiese en empiriese metodes van wetenskaplike ondersoek gebruik gemaak, waaronder die questionnaire-metode.

B. HISTORIESE EN PRINSIPIËLE PLASING VAN VOOGONDERWYS EN DIE VOORLIGTINGSPROGRAM (INTEGRERING VAN DIE VOOG- EN VOORLIGTINGSTELSEL) SOOS DEUR DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT VOORGESKRYF

Sedert die vroegste tye het ouers die opvoeding en onderwys van hulle kinders self waargeneem. Met die vooruitgang deur die jare het hierdie taak vir ouers te omvangryk geword en is skole gestig om ouers in hulle onderwysende taak by te staan. Ouers is nie van hulle verantwoordelikheid t.o.v. die opvoeding en onderwys van hulle kinders onthef nie, maar hulle taak is net aangevul.

In Transvaal tree die onderwyser nog altyd ook as plaasvervangende ouer van die kind gedurende skoolure op.

Plaasvervangende ouerskap beteken om voog vir die kind te wees. Voogonderwys is 'n natuurlike uitvloeisel van plaasvervangende ouerskap en beklemtoon die noodsaaklikheid van geïndividualiseerde opvoeding en onderwys.

Die Transvaalse Onderwysdepartement het die voogstelsel in 1963 in die lewe geroep. Onderliggend aan die sukses van

die hele stelsel is die beklemtoning van die vertrouensverhouding wat tussen voorgonderwyser en kind moet bestaan, waarneming van die kind in alle omstandighede en die noodsaak om leiding en voorligting aan die kind t.o.v. al sy behoeftes te gee. Om die kind as mens met behoeftes te ken, is kennis van sy huislike agtergrond onontbeerlik. Daarsonder kan daar van ware opvoeding en onderwys geen sprake wees nie.

In die laerskool is elke klasonderwyser ook voorgonderwyser. Voogonderwys het onteenseglik geweldige moontlikhede, maar die wyse waarop dit in die laerskool geïmplementeer is, skep die indruk dat dit nie werklik noodsaaklik is nie. Hierdie indruk word bevestig deur die feit dat instruksies aan hoofde van laerskole en onderwyskolleges i.v.m. voogonderwys aanvanklik onduidelik was, dat die onderwyskolleges selfs vandag nog weinig, indien enige, aandag aan die teorie en praktyk van voogonderwys gee en dat voogonderwys nog nooit die onderwerp van 'n hoofdesimposium of oriënteringskursus was nie.

Van hoofde is verwag om voogonderwys en later die „voorligtingsprogram“ eenvoudig te implementeer sonder grondige voorligting. Daarby word dit aan hoofde oorgelaat of hulle vir voogperiodes tyd wil inruim, of hulle „voogstate“ wil aanhou en of huisbesoek gedoen moet word.

C. DIE HUIDIGE KULTURELE, POLITIEKE EN EKONOMIESE OPSET EN GESINDHEID EN DIE NOODSAK VAN VOLKSOPVOEDING

Die normale Afrikanerouer wat 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing huldig se hoogste roeping t.o.v. sy kinders is om hulle deur die voorbeeld en gesindheid na God te lei.

Gepaard hiermee sal sy strewe wees om toe te sien dat sy kinders goed aangepaste en nuttige burgers van hulle land sal wees, wat 'n lewe van diens in hulle kultuurpatroon kan lewer. Hierdie ouer kan tereg van die Christelik-nasionale skool verwag om hom in sy taak by te staan.

Daar word op leemtes in die Christelik-nasionale lewenspatroon gewys, waarvan die Christelik-godsdienstige nood die vernaamste is. Hieruit vloei voort die sorgwekkende getal egskeidings wat tienduisende kinders haweloos, reddeloos, vaderloos of moederloos in 'n hartelose wêreld laat. Permissiwiteit onder volwassenes neem groter afmetings aan wat ook kenbaar is in die skynbare goedkeuring van pornografie en die belangeloosheid in die Afrikaner se kultuur. In talle huisgesinne is daar a.g.v. die vermiste vaderfiguur as gesagsfiguur en die moeder wat ook hierdie addisionele rol moet vervul, nie 'n positiewe opvoedingsmilieu nie. Kinders kom in opstand teen gesag, is emosioneel dikwels ongebalanseer en kan hulle toevlug tot dwelmmiddels neem. Dit kom voor asof volwassenes weinig uitdagings aan die jeug bied, wat kensketsend is van vroeë skoolverlating en die feit dat Afrikaners steeds hoofsaaklik werknemers en nie werkgewers is nie. Dit skyn ook uit die tipe leesstof wat baie Afrikaners lees of daar 'n vervlakking in hulle benadering t.o.v. hulle opvoedingstaak, hulle toekoms en hulle voortbestaan ingetree het. Mense word al meer egofsties en menseverhoudinge, nie net tussen Blank en Blank nie, maar veral tussen Blankes, Swartes en Gekleurdes skyn swak te wees. A.g.v. die swak leesgewoontes is baie Afrikaners onkundig oor sosiale probleme, oor gevare wat S.A. van binne en buite sy grense bedreig. Talle Afrikaners verengels, terwyl Afrikaners self min doen om immigrante

by hulle in te burger. Dit wil verder voorkom of dit aan ywer ontbreek, of dat die verbrokkeling in die volkslewe nie deur leiers waargeneem word nie, want oor vele sake word gepraat sonder dat daar handelend opgetree word om sake te berejder. Waar die Afrikaner se grootste nood van godsdienstige aard is, lê die oplossing in die herwaardering van die gesin se waardes. Juis oor die huisgesin, die siel van 'n volk, word daar al jare gepraat, sonder dat daar op georganiseerde wyse grootskaalse voorligting gegee word. Teen hierdie agtergrond en nood moet die voogonderwyser sy roeping as volksopvoeder vervul. Hy kan op die steun van die regsinnige ouer staatmaak, maar dit wil voorkom of die meerderheid ouers hulle verantwoordelikhede op die onderwyser afgeskuif het en van hóm steun en voorligting verwag. Terwille van die voortbestaan van nie net die Afrikaner nie, maar ook van die Blanke beskawing én van die ander volkere in S.A. is dit noodsaaklik om daadwerklik met volksopvoeding op 'n omvangryke skaal te begin. Dit word reeds in lande soos Amerika, Kanada en Holland gedoen.

In S.A. kan voogonderwys 'n magtige en doeltreffende middel in volksverdeling wees indien die Christelike skool sy roeping besef en onderwysers vir die taak behoorlik toegerus word. Maar dan moet voogde- ouers en onderwysers- op 'n Christeliek-nasionale grondslag met mekaar kommunikeer.

D. VOOGONDERWYS IN DIE CHRISTELIKE SKOOL EN HOE DIT DIE KIND EN DIE VOOGDE RAAK

Huidig is die voogonderwyser se verantwoordelikheid ontsettend groot en van ewige waarde. Die onderwyser kan egter moeilik

sy Christelike opvoedingstaak verrig én rigting aandui omdat omstandighede wat wél uit die weg geruim kan word, teen hom is. Enersyds is daar die ouers wat 'n Christelik-nasionale opvoeding en onderwys van die skool verwag, maar andersyds, hoewel wetgewing reeds vir Christelike en nasionale onderwys voorsiening maak, vertoon dieselfde ouers 'n fatalistiese gesindheid deurdát hulle nie eis dat Christelik-nasionale opvoeding en onderwys 'n praktiese werklikheid is is nie. Opleiding van onderwysers geskied in 'n gees van neutraliteit sonder 'n diepgaande kennis van die Christelik-Protestantse huweliks- en doopsformuliere, die Heidelbergse Kategismus en konkordansies. Die meerderheid hoofde beskou die Christelike grondslag van opvoeding en onderwys nie as van fundamentele en eerste belang nie. Dit wil dus voorkom of daar van hoofde nie veel positiewe motivering van hulle personele uitgaan nie. Dit is uiters jammer, eintlik noodlottig, want die ware opvoeding vind immers in die klaskamer plaas. In 'n tydperk waar die skool met sy voogonderwysers kragdadig en doelbewus aan kind en ouer leiding moet gee, kry 'n mens die indruk dat die skool bietjie godsiensoonderrig gee, bietjie kultuur beoefen, sedeprekies lewer en baie skolastiese en sport-„afrigting" doen. Dit alles word met of sonder die samewerking van ouers gedoen. Verder kom dit voor of die meeste kontrole gemik is op vakmetodiek en skolastiese vordering. Ter verdediging van die praktiese positief-Christelike hoof kan aangevoer word dat hy met administratiewe en ander pligte oorbelaai word en nie maklik aan voogonderwys en opvoeding reg kan laat geskied nie. Die gevolg is dat ook sy personeel moontlik ongemotiveer t.o.v. die Christelik-nasionale doelstellings is en slegs onderwysers is wat onderwys gee.

Ook die huisgesin het besondere probleme vanweë die „vermiste” vaderfiguur en die moeder wat in baie gevalle die dubbele las van broodwinner en opvoeder moet vervul. Die skool moet van hierdie besondere omstandighede kennis neem, want in baie gevalle spruit hieruit permissiwiteit, asook orde- en dissiplineprobleme voort. Onderwysers is geneig om eenvormige straf vir oortredings toe te dien sonder om diepgaande ondersoek na die oorsake van oortredings in te stel en die oorsake uit die weg te probeer ruim.

Die voogonderwyser moet ook deur ondersoek vasstel wat die houdings en gesindhede van ouers van bepaalde omgewings is. Deur dit te doen sal hy beter begrip van die kind hê, omdat hy 'n produk van sy gesin en omgewing is. Deur werklik in die kind belangstelling te toon kan hy d.m.v. samesprekings ouers se gesindhede, waar nodig, positief beïnvloed.

Om werklik aan voogonderwys en geïndividualiseerde opvoeding en onderwys reg te laat geskied, moet die voogonderwyser elke kind doelbewus, planmatig en objektief waarneem t.o.v. alle fasette in elke kind se lewe. Hy kan nie in die bondel opvoed nie, maar slegs individueel. Om dit te kan doen behoort hy sy eie waarnemings, asook ander beskikbare gegewens op skrif te stel. Van die belangrikste gegewens kan slegs van die kind se ouers verkry word d.m.v. huisbesoek en/of samesprekings.

E. OUER-ONDERWYSERSAMESPREKINGS AS BELANGRIKE STUT IN VOOGONDERWYS

Die ouer en die onderwyser is die twee grootste bondgenote in die opvoeding en onderwys van die kind. Beide ouer en onderwyser neem die kind waar. Die ouer ken sy kind van sy

geboorte af en hierdie intieme kennis is uiters waardevol vir die voogonderwyser. Sonder samesprekings is hierdie inligting vir die voogonderwyser verlore, tot nadeel van baie kinders. Deur samesprekings te voer kan die onderwyser groter begrip van die kind verkry en veral ook van die ouer se gesindhede teenoor opvoeding en onderwys, godsdiens, kultuur, ideale, ens. Deur opregte belangstelling in elke kind te toon word vertrouwe by die ouer in die skool gewek en kan die ouer beïnvloed word om nadelige of negatiewe gesindhede te wysig. Waar hierdie gesindhede nie gewysig kan word nie, kan die ouer sy houding teenoor sy kind moontlik verander tot heil van die kind.

Daar is breedvoerig uitgewei oor verskillende soorte onderhoude en benaderings, oor die gevoelens van kinders, ouers en onderwysers, die een teenoor die ander en die rekords wat oor samesprekings gehou behoort te word.

Samesprekings, veral waar huisbesoek onprakties of onmoontlik is, is onontbeerlik in voogonderwys. Veral in die Christelike skool behoort ouer-onderwysersamesprekings selfs gedurende skoolure 'n integrale deel van die skoolprogram te wees en nie bloot 'n aanhangsel wat na willekeur nagelaat kan word nie. Tewens, hierdie samesprekings is 'n noodsaaklike vereiste omdat die skool daarop aanspraak maak dat hy die hele kind as individu opvoed.

Ongelukkig bestaan daar geen bewyse dat onderwysstudente enigsins in die tegniek van onderhoudvoering opleiding ontvang nie.

F. VOOG- (VOORLIGTING-) ONDERWYS SOOS DIT IN DIE AFRIKAANSE LAERSKOOLOO IN TRANSVAAL TOEGEPAS WORD

Die gegewens soos dit in-273 antwoorde op vraelyste vervat is,

is verwerk. Die meeste hoofde van wie antwoorde ontvang is, is hoofde van PI-, PII- en PIII-skole, nl. 252, terwyl 21 hoofde van PIV-skole is.

Wat kwalifikasies betref, beskik 61,9% van die hoofde oor hoër kwalifikasies as wat die minimum vereistes vir hulle poste is, 30,8% beskik oor nagraadse grade, terwyl 21,6% met verdere studie besig is.

Meer as 80% van die hoofde is van mening dat voogonderwys nie net in die laerskool toegepas kan word nie, maar inderdaad noodsaaklik is.

Byna 94% van die hoofde is dit eens dat kinders se huislike agtergrond geken moet word, dog die wyse waarop hierdie inligting verkry word dui nie op wetenskaplikheid en betroubaarheid nie. Die indruk word gewek dat waar inligting verkry is, baie op raaiwerk staatgemaak word. Slegs 15% van die skole maak vir voogperiodes wat tussen 10 en 90 minute per week wissel, op hulle roosters voorsiening.

Meer as die helfte van die skole hou voogstate vir kinders aan.

Hoewel 96% van die hoofde ouer-ouderwyserssamesprekings as belangrik beskou en daar gemiddeld 2,3 keer per jaar samesprekings gevoer word, is daar geen aanduiding dat individuele samesprekings gevoer word nie. Die meeste samesprekings is sosiaal van aard en bestaan uit oueraande en/of boekuitstallings. Die gemiddelde getal ouers per skool wat op hierdie wyse per jaar bereik word is 62,1% terwyl 55,2% van die ouers wie se kinders leer- of gedragsprobleme het, bereik word. Die meerderheid hoofde is nie ten gunste van individuele ouer-ouderwyserssamesprekings gedurende skoolure nie.

Slegs 7 van die 273 hoofde het opleiding in voogonderwys gehad, o.a. deur selfstudie. Hoewel voogonderwys reeds in 1963 ingestel is het slegs 88 (2,2%) van die 4 032 onderwysers by die 273 skole opleiding in voogonderwys gehad. Dit sou sake vir hoofde vergemaklik het om voogonderwys suksesvol te laat verloop indien 'n groter getal onderwysers in voogonderwys onderlê was.

Byna 94% van die hoofde is ten gunste van in-diens-opleiding van onderwysers in Opvoedkunde wat ook 'n kategorieverhoging kan meebring. Dit wys op die dringende behoefte wat daar by onderwysers hiervoor bestaan, dat hulle waarskynlik onmagtig in hulle taak staan.

Die meeste skole, nl. 69,9% het ouer-onderwysersverenigings, en dit dui daar op dat ouers by skoolaktiwiteite betrek word. Hoofde se menings oor enige aspek van voogonderwys toon onteenseglik dat die meeste van hulle die noodsaaklikheid van voogonderwys besef en dat daar kommer oor die kind en baie ouers bestaan, maar bo alles troon die nypende behoefte aan duidelike leiding en voorligting uit. Dit geld t.o.v. voorligting aan onderwysers, ouers en kinders, die behoefte aan 'n aanvaarbare en gestandaardiseerde voogstaat en tyd vir 'n voogperiode in 'n vol rooster.

In hierdie hoofstuk is ook 'n weergawe van 'n proefneming met ouer-onderwyserssamesprekings oor vorderingsverslae van kinders gedurende skoolure. Die proefneming het getoon dat dit prakties uitvoerbaar is en dat die kind sowel as die ouer en onderwyser daardeur baat. Dit bring ook mee dat die voogonderwyser verplig word om aan die individuele kind aandag te gee en insiggewend verslag oor hom uit te bring.

Evalueringstate van die samesprekings wat deur ouers asook

onderwysers voltooi is, is 'n duidelike bevestiging dat die kind net baat kan vind wanneer sy ouers en onderwyser saam gesels. Dit verg egter betekenisvolle en doelgerigte voorligting en motivering van onderwysers.

Uit hierdie konferensies oor vorderingsverslae kan groeps-konferensies spruit waar ouers en onderwysers oor aktuele opvoedkundige probleme kan gesels. Die hoof moet egter altyd die inisiatief neem en lei.

Met die nuwe voorligtingsprogram en die noodsaak van sport- en fasevoogde is die moontlikheid ook ondersoek om 'n sogenaamde onderwyserswerkwinkel in die lewe te roep. Die hoof en vise-hoofde, asook die fasevoogde bespreek met hierdie byeenkomste probleme wat uit ouer-onderwyserssamesprekings voortvloei, gee raad uit hulle ervaring, besin oor groepsbyeenkomste met ouers en bespreek die behoeftes en probleme van kinders in die algemeen en individueel. Dit is die geleentheid waar die „topbestuur" van die skool gemotiveer kan word oor al die opvoedkundige doelstellings van die Christelik-nasionale skool wat bevrugkend na benede kan deurwerk.

Ook t.o.v. buitemuurse bedrywighede in die voorligtingsprogram word aangedui hoe al die leerlinge van 'n skool, deur van sport- en kultuurperiodes gebruik te maak, aan sport en kultuur kan deelneem. 'n Voogstaat wat in gebruik geneem kan word, word ook in hierdie hoofstuk gegee. Sommige gegewens word van Ed.Lab-kaarte verkry, terwyl die meeste gegewens deur intensiewe waarneming van die kind deur die voogonderwyser verkry word. Waar huisbesoek onmoontlik is, word noodsaaklike agtergrondgegewens d.m.v. vraagbriewe aan ouers en deur samesprekings verkry.

G. ONDERWYSERSOPLEIDING EN ANDER SAKE EN HOE DIT
VOOGONDERWYS IN DIE CHRISTELIKE SKOOL RAAK

Wetgewing wat voortgevloei het op aandrang van die Afrikaner wat 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing huldig, maak voorsiening vir Christelike en nasionale onderwys. Onderwysersopleiding het as doelwit 'n funksionele, opvoedkundige en 'n professionele doelstelling. Hier word twyfel uitgespreek of daarin geslaag word om studente Christelik-nasionaal op te lei. Keuring t.o.v. kandidate se lewens- en wêreldbeskouing, evaluering deur dosent en hoof en praktiese ervaring in voogonderwys en ouer-onderwysersamesprekings gedurende proefonderwys is sake wat bespreek word. Dit wil voorkom of student, onderwyser en hoof nie geëvalueer word in die mate waarin hulle deur voorbeeld en gesindheid uitvoering gee aan 'n Christelike en nasionale onderwysbeleid nie.

Dit is sake wat ten nouste met voogonderwys gemoeid is, want die voog moet uitvoering aan 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing gee.

Dit word beweer dat, sodra vroue in groot getalle lede van 'n professie word wat vir albei geslagte voorsiening maak, daardie professie neig om aansien in die oë van die publiek te verloor. Dit word nie hiermee te kenne gegee dat dit die geval in die primêre onderwys is nie, maar die groot getal vroue maak dit moeilik vir seuns om hulle met mans te identifiseer.

Ernstige aandag behoort daarom aan die tekort aan mans in die laerskool gegee te word. Dit is selfs moontlik dat potensiële manskandidate die onderwysprofessie as 'n vroueprofessie sien en daarom nie tot hierdie beroep aangetrokke

voel nie.

Ook wat kwalifikasies betref, beskik meer as 70% van alle onderwysers in Transvaal oor 3 jaar en minder opleiding, die meeste daarvan vroue. Omdat baie vroue getroud is en die dubbele rol van huisvrou en onderwyseres moet behartig, sien hulle waarskynlik nie vir verdere studie kans nie, tot nadeel van die opvoeding en onderwys.

Dit skyn nodig te wees dat die owerheid, omdat hy dit voorheen goed gevind het dat onderwysers 2 en 3 jaar opleiding moet geniet, kursusse moet instel wat dit vir hierdie 70% onderwysers moontlik kan maak om hulle kwalifikasies te verbeter. Uit hierdie ondersoek is dit duidelik dat 'n kursus in Christelike Opvoedkunde waardeur aan al die doelstellings van Christelik-nasionale onderwys, voogonderwys, ouer-onderwysersamesprekings, ens. uitvoering gegee word, ingestel behoort te word. Daar is ernstige behoefte hieraan.

II. BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

Die ongekende materiële voorspoed wat sedert die Tweede Wêreldoorlog ingetree het, het skynbaar baie Afrikaners van koers gebring en is die gevaar wesenlik dat die Afrikaner nie net sy identiteit mettertyd kan verloor nie, maar ook sy stukrag wat hy nog altyd uit sy Christelik-Calvinistiese lewensuitkyk geput het.

Die kerk, die skool en die huisgesin was nog altyd die drie pilare waarop die Christelike opvoeding van die kind gerus het. Op die gesin rus die toekoms van 'n kerngesonde volk en ook die voortbestaan van die volk. Persoonlike welvaart, die oorgang na 'n moderne tydvak en die menigvuldige veranderings en vernuwings het vir die huisgesin en die ouer in besonder

talryke probleme meegebring. Die ouer seek hulp, persoonlike belangstelling en leiding. Dit wil egter voorkom of die skool wat tradisioneel as aanvullende opvoeder vir die kind moet intree en wat koers en rigting t.o.v. die godsdienstige, die kulturele, die nasionale, die etiese, die estetiese, ens. moet aandui, 'n tydagterstand het en hierdie doelstellings nie genoegsaam nastrewe nie. As aanvullende opvoeders en dan spesifiek as mede-voogde is daar weinig sinvolle kommunikasie tussen ouer en voogonderwyser. Waar die skool 'n agterstand het, het die deursnee ouer nog 'n groter agterstand. Vanweë die sogenaande kennisontploffing skyn dit of die skool sy tyd en kragte hoofsaaklik op die verstandelike en liggaamlike ontwikkeling van die kind toespits. Voogonderwys in die Afrikaanse laerskool in Transvaal word halfhartig toegepas, nieteenstaande die feit dat die meeste hoofde dit as uiters belangrik beskou. Voogonderwys tesame met wetenskaplike en individuele ouer-onderwysersamesprekings kan die magtigste wapen in die Christelik-nasionale skool wees om aan die Afrikanerouer leiding te gee, sodat hy weer sy regmatige plek as vernaamste opvoeder kan inneem.

* In die huidige ekonomiese, kulturele en politieke opset is die uitbouing van die voogstelsel 'n aangeleentheid wat die hoogste prioriteit moet geniet.

Dit kan geweldig bydra tot volksverheffing, tot volksveredeling en tot geestesweerbaarheid van die volk.

* Wanneer gelet word op die godsdienstige verval soos ondermeer blyk uit die toenemende getal egskeidings, permissiwiteit, pornografie en vervlakking, die gebruikmaking van dwelmmiddels, die gebrekkige kultuurbeoefening en -skepping,

en wanneer gelet word op vroeë skoolverlating júís in 'n tydperk wanneer die breinpotensiaal van elke burger nodig is, die ekonomiese bywonerskap, gebrekkige menseverhoudinge, ens., is dit noodsaaklik dat die spits van die piramide-owerhede, kerk-, kultuur- en opvoedkundige leiers - die nood en die omvang daarvan moet besef. Dit is nodig dat die owerheid moet besef dat daar nood in die opvoeding en onderwys is en dat volksverheffing noodsaaklik is, gedagtig daaraan dat die Blanke al meer verstedelik en dat afvalligheid waarskynlik sal toeneem. Deur die toon aan te gee sal die motivering en inkeer na benede spreik.

Ernstige aandag moet aan oueropvoedkundige programme wat deur Christelik-nasionale deskundige opvoedkundiges versorg moet word d.m.v. die radio en televisie gegee word. Aandag moet ook aan opvoedkundige rolprente en brosjures gegee word vir verspreiding aan ouers d.m.v. skole. Onderwerpe vir groepbesprekings deur ouer-onderwysersamesprekings by skole kan met vrug aandag geniet.

* Dit word dikwels deur navorsers en opvoedkundiges beklemtoon dat, vanweë 'n heterogene Blanke bevolking en die bestaan van geloofsvryheid, daar in skole skynbaar min van Christelik-nasionale opvoeding en onderwys tereg kom. Die uitgangspunt is blykbaar dat die georganiseerde professie veral in die Afrikaanse skool aan Christelik-nasionale opvoeding en onderwys uitvoering moet gee. Ongelukkig skyn dit 'n mite te wees as onderwysers nie positief Christelik-nasionaal opgelei en gemotiveer word nie. Hierdie neutrale gesindheid werk deur boontoe en ook na benede. Die onder-

wysowerheid moet ernstig aandag daaraan verleen om veral met hoofdesimposiums en oriënteringskursusse, hoofde en onderwysers van Afrikaanse skole afsonderlik van Engelse skole, die Christelik-nasionale opvoeding en onderwys breedvoerig te onderrig.

* Die onderrig van Opvoedkunde in die opleiding van onderwysers kan nie staties bly nie. As geesteswetenskap vereis Opvoedkunde voortdurende navorsing en vernuwing. Opleiding van onderwysers moet aanpas by die knellende praktiese vereistes van ons tyd, dit moet koers aandui en rigtinggewend wees. Aandag moet gegee word aan alle nuwe studies oor die ontwikkeling van emosionele en geestesgesondheid. Ook moet ernstige aandag aan die studie van Sosiologie en die huidige nood van die gesin gegee word.

* Voog-(voorligting-) onderwys as belangrikste stut in die opvoeding en onderwys, nie net vir steungewing van die kind nie maar ook vir die ouer, moet onverwyld die onderwerp van 'n hoofdesimposium en van oriënteringskursusse wees. Omdat agtergrondkennis van elke kind se huislike omstandighede onontbeerlik in die opvoeding en onderwys van elke kind is en omdat Christelike voogde sáám oor kinders beraadslaag, is ook voorligting van en opleiding in ouer-onderwyserssame-sprekings 'n vereiste. Die hele saak van voogonderwys moet ook vanuit die Christelik-nasionale grondslag benader word. Elke onderwyser as voog in die opvoeding en onderwys het die roeping en plig om sy leerlinge geestesweerbaar te maak en in die proses die ouer se hulp in te roep. Deur ondubbel-sinnig in elke kind belang te stel, kan ouers met samespre-

kings die voogonderwyser se houding en gesindheid oor vele sake aanvaar. M.a.w. voogonderwysers moet 'n betekenisvolle rol in oueropvoeding speel, maar dan moet hulle deur kursusse tot die besef gebring word dat hulle so 'n taak het.

* In hierdie ondersoek het geblyk dat 93,5% van die hoofde ten gunste van in-diens-opleiding van onderwysers in Opvoedkunde is. Ernstige aandag moet aan hierdie skreiende behoefte gegee word. So 'n kursus wat buitemuurs, voltyds of d.m.v. korrespondensie gevolg kan word, moet suiwer op die Christelike en nasionale gerig wees.

* Hoofde word in so 'n mate met administratiewe pligte belas dat dit nie in alle omstandighede moontlik is om aan die kind en sy behoeftes aandag te gee nie. Deur die instelling van 'n administratiewe bevorderingspos by skole wat gelykstaande aan die rang van vise- of adjunkhoof kan wees, kan hoofde meer aandag aan werklike opvoeding gee. Dan kan hoofde as professionele, geestelike en kulturele leiers koers en rigting aan voogonderwyser, ouer en kind gee. Dan kan hoofde hulle verdiep in opvoedkundige en ander probleme en onafhanklike voorgangers wees. Maar ook onderwysers kan dan loskom van baie administratiewe sleurwerk en meer aandag aan kinderleiding gee.

* Byna twee derdes van die hoofde beskik oor hoër kwalifikasies as die minimum vereiste vir die poste wat hulle beklee. Dit is noodsaaklik dat hoofde vir addisionele kwalifikasies, net soos in die geval van assistente en vise-hoofde, vergoed behoort te word.

- * Die keuring van studente behoort strenger te wees t.o.v. hulle lewens- en wêreldbeskouing. Die Afrikaanse skool vereis praktiese idealiste met 'n positief Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing.
